tydens die Indiese muitery in 1857. Met 'n daling in wolpryse en na die aanhoudende droogte van 1860, is bankrotskappe aan die orde van die dag. Al middel om die moed nie heeltemal te verloor nie, is om telkens die plaaslike krieketklub nuwe lewe in te blaas en die aandag van die daaglikse beslommeringe af te lei.

Die vonds van die Eurekadiamant het voorlopig weinig indruk gemaak. Ons kry 'n baie grondige insig in die rol wat Arnot in die anneksasie van Griekwaland gespeel het. Eers na 1870 breek vir Colesberg voorspoed aan as gevolg van die vinnige ontwikkeling van die diamantvelde. Diamante is voorlopig net aan die oppervlakte gevind. Sodra die delwers op die harde blou grond kom, trek hulle na 'n ander plek. 'n Dronk Hottentot, Damon, vind „Colesberg koppie", die boonste deel van 'n vulkaniese pyp wat ryk aan diamante is. Die higiëniese toestand in die delwerskampe is gruwelik; daar is vervoerprobleme en die groot aantal osse wat daagliks daarlangs trek, was te veel vir die weiveld. Die Tweede Vryheidsoorlog volg en bring baie bitterheid.

In 1892 word skerwe van die Plettenbergbaken teruggevind en in 1905 aan die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad geskenk. In 1938 word die plek deur 'n monumentjie aangedui en tot Nasionale Monument verklaar.

Op saaklike manier, dikwels vol droë humor waartoe die pragtige taalgebruik hom uitstekend leen, word al hierdie gebeuternisse vir ons beskryf. Baie kleiner gebeurtenisse word bespreek en daar word gewys op die invloed wat hulle op die verder verloop van die geskiedenis gehad het, maar op die agtergrond bly altyd die besef: hoe min het, selfs in herinnering, van al hierdie mense met hul strewe, hoop, moeilikhede en teleurstellings oorgebly. 'n Mooi versameling plaaslike Africana is verwaarloos; selfs in die kerkhof kan die laaste rusplek van leidende persone uit die verlede nouliks teruggevind word.

Toverberg, waar ons begin het, is egter nog altyd daar. Die Verwoerddam bring nuwe moontlikhede, nuwe samewerking en 'n gesamentlike taal: Fanagalo. Ook die grootsheid van die landskap sal altyd bly. En ten slotte die mens met sy ideale en sy werkkrag. Toverberg staan vandag nie meer in 'n plaaslike omgewing nie, dit staan midde in 'n groot land: Suid-Afrika.

Daar is geen voetnote nie, maar in 'n naskrif van die skryfster word die geraadpleegde bronne uitvoerig aangedui. Daar is 'n lys van Afrikaanse woorde en 'n uitvoerige indeks. Die boek is 'n bewys dat noukeurige geskiedskrywing nie noodwendig „droog" hoef te wees nie. Hier is 'n skat van gegewens wat nie elders so gemaklik bymekaar aangetref word nie. Ons wens dat daar baie meer sulke studies van ons plattelandse dorpe en hul omgewing geskryf sal word.

F. G. E. Nilant.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Mathew, David, *Lord Acton and his times.* 70s, pp. 397. Eyre and Spottiswoode, Londen, 1968.

Pullan, Brian, *Crisis and change in the Venetian Economy in the 16th and 17th centuries.* 15s, pp. X, 212. Methuen and Co. Ltd., London, 1968. (University Paperback Original.)

Van Jaarsveld, F. A. en Van Wyk, Theo, *Nuwe geïllustreerde geskiedenis vir senior sertifikaat. Deel II, Algemene Geskiedenis.* Pp. 365. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968.